education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL (V1)

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**122 1 S**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1)
   AFDELING B: Opsomming (VRAAG 2)
   AFDELING C: Taal (VRAAG 3)

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke nuwe teks se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd.


Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: STROKIESPRENT, TYDSKRIFARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees die strokiesprent op die volgende bladsy aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**




[Uit: *Huisgenoot*, 18:05:2006]

**VRAE:**

Lees wéér PRENT 1 en PRENT 2 om die onderstaande vrae te beantwoord.

1.1 Waarnatoe het die Bobo-gesin gegaan? (1)

1.2 Wat word 'n Indiane-tent genoem? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord uit die opsies gegee en skryf óf die letter (A - D) óf die volledige antwoord langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.4) neer.

1.3.1 Bobo en sy gesin gaan ...

A 'n hele week lank weg.
B op 'n Saterdag en Sondag weg.
C op 'n Maandag en Dinsdag weg.
D 'n maand lank weg. (1)

1.3.2 Toe Pappa vir Bobo vra om stil te bly, was Pappa ...

A kwaad vir Bobo.
B bly saam met Bobo.
C trots op Bobo.
D gelukkig oor Bobo. (1)

1.3.3 Die eerste persoon om die Indiane-tent te sien was ...

A Bobo.
B Krabbel.
C Pappa.
D Mamma. (1)

1.3.4 Die gesin trek hulle Indiane-klere aan omdat hulle ...

A soos Indiane wil lyk.
B koud kry.
C te warm voel.
D ou klere vuil was. (1)

Lees wéér PRENT 3 en PRENT 4 om die onderstaande vrae te beantwoord:

1.4 Hoekom het Krabbel haar boeglam geskrik? (1)

1.5 Waarom moet Krabbel al haar kos opeet? (1)

Kies die korrekte antwoord en skryf dit volledig neer.

1.6 1.6.1 As 'n mens jou boeglam skrik, dan is jy ...

A 'n bietjie bang.
B dapper.
C baie bang.
D 'n held. (1)

1.6.2 Pappa hou die braailepel ...

A met albei hande.
B in sy linkerhand.
C in sy regtehand.
D in sy regterhand. (1)

Lees wéér PRENT 5 en PRENT 6 om die onderstaande vrae te beantwoord.

1.7 Waarom is oom Slokop so laat? (1)

1.8 Niemand in die Bobo-gesin wil meer hamburgers hê nie.

1.8.1 Sê JA of NEE. (1)
1.8.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord uit die opsies gegee en skryf óf die letter (A - D) óf die volledige antwoord langs die vraagnommer (1.9.1 - 1.9.2) neer.

1.9.1 Bobo sien die nare skaduwee as ...

A die nag wat kom.
B 'n kat wat hardloop.
C 'n spook.
D 'n vlam. (1)

1.9.2 Oom Slokop ruik die heerlike hamburger met sy ...

A hande.
B ore.
C neus.
D mond. (1)

**TEKS 2**

Lees die onderstaande tydskriftartikel aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgnede vrae:

Naam: Radhi Laidi (30)
Geboorteplek: Tunis, Tunisië
Lengte: 1,93 m
Gewig: 89 kg
Bynaam: RJ
Posisie: Verdediger
Speel vir: Tunisië en Bolton Wanderers



Op byna 90 kg is hy 'n intimiderende teenstaander en boonop het hy 'n angswekkende vermoë om met sy kop doele te skiet. Die afrigter, Sam Allardyce glo sy ster-verdediger is die beste kopslaner ter wêreld. Hy het ook baie ondervinding. Hy was in die Tunisiese span wat in 2004 die Afrika-nasiebeker gewen het en het aan 2002 se WB-toernooi deelgeneem. Hy is ook die eerste Tunisiese speler wat vir 'n Engelse Premierliga-klub sal uitdraf. Tunisië sal hul hoop op hul sterspeler vestig.

[Uit: *Huisgenoot* - 18/05/2006

**VRAE:**

1.10 Noem die TWEE spanne vir wie Radhi Jaidi sokker speel. (2)

1.11 Watter TWEE agtereenvolgende woorde sê vir ons dat Radhi 'n ervare sokkerspeler is? (1)

1.12 Voltooi die volgende sin deur EEN woord in te vul: (1)

Radhi kan doele met sy voete en ... skiet. (1)

1.13 Daar was ander Tunisiese spelers wat voor Radhi vir 'n Engelse Premierliga-klub uitgedraf het.

1.13.1 Sê WAAR of ONWAAR. (1)

1.13.2 Haal TWEE agtereenvolgende woorde aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.14 Kies 'n item uit KOLOM B om by die woorde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.14.1 - 1.14.4) NEER.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Afrika-nasiebeker | A | 89 kg |
| 1.14.2 | Ouderdom | B | RJ |
| 1.14.3 | Weeg | C | 2004 |
| 1.14.4 | Bynaam | D | 30 |

(4)

**TEKS 3**

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Uit: *Huisgenoot* - 18/05/2006]

**VRAE:**

1.15 1.15.1 Wat is die totale koste wat mense maandeliks vir die SAMSUNG D820-kontrak moet betaal? (1)

1.15.2 Haal EEN woord aan wat sê dat die R7,50 elke maand betaal moet word. (1)

1.15.3 Watter EEN woord bewys dat jy foto's met die selfoon kan neem? (1)

1.15.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit neer.

'n 'Mal aanbod' beteken dat die kontrak (goedkoop/duur) is. (1)

1.15.5 Hoekom word die woord 'GRATIS' in 'n ander lettergrootte geskryf? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: SKOOLGELD KOS TE VEEL**

- Haal SEWE hoofgedagtes uit die artikel aan.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 60 woorde skryf of as jy NIE die getal woorde aandui nie.

**SKOOLGELD KOS TE VEEL**

1. Ek kan dit nie bekostig om kinders se skoolgeld te betaal nie. Ek het vyf kinders op skool.

2. My man het sy werk verloor en dit is moeilik vir my om vir alles te sorg. Hy het 'n goeie werk gehad en hy het goeie geld verdien. Nou werk hy deeltyds in 'n supermark waar hy min geld kry.

3. My man leen geld van sy baas om kos en klere vir die gesin te koop. Die grootste probleem is, waar sal ons die geld kry om die lening terug te betaal?

4. Toe my man sy werk verloor het, moes ons ons huis verkoop om al die lenings terug te betaal. Nou woon ons in 'n huis wat aan die munisipaliteit behoort en die huurgeld is baie hoog.

5. Ons moet seker maak dat daar geld is om vir die water en ligte te betaal. In die plek waar ons woon, is alles baie duur.

6. Om elke dag kos op die tafel vir sewe mense te sit, is 'n groot probleem. Almal weet hoe baie dit kos om kruideniersware, vleis, melk, brood en ander dinge te koop.

7. Daar is ook die reisgeld wat elke week betaal moet word, anders sal die kinders nie by die skool kom nie. Ons woon vêr van die skool af en ons het nie 'n motor nie. Die kinders kan ook nie ryloop nie, want dit is te gevaarlik.

8. Nou vra ek jou: Waar op aarde moet ek nog die skoolgeld kry?

[Verwerk uit: *Huisgenoot* - 08/03/2004]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

Bestudeer die onderstaande prent noukeurig en voer die instruksies uit.




[Uit: *Afrikaans Sonder Grense* - Graad 10]

- Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom in die onderstaande tabel om die volgende paragraaf te voltooi.
- Skryf slegs die vraagnommer (3.1.1 - 3.1.7) en die antwoord neer.
- Waar 'n letter gegee word, moet jy met die gegewe letter begin.

3.1

| | | |
|---|---|---|
| Ma is kwaad (3.1.1) ... die kinders omdat die speelgoed oral op die vloer lê. Sy is siek en (3.1.2) **s**... van die kinders se gemors. Sy beveel die kinders om die huis skoon (3.1.3) ... maak. Die kamer waarin hulle nou is, is blykbaar die (3.1.4) **s**... . Christo wat met 'n (3.1.5) ... onder sy linker-arm staan, verstaan nie hoekom sy ma so baie raas nie.<br>Lettie wat op die vloer kniel, is (3.1.6 baie bang) vir ma. Lettie vra Ma om (3.1.7) ... vir die gemors wat hulle gemaak het. | 3.1.1 Gee die korrekte voorsetsel.<br>3.1.2 Gee die korrekte idiomatiese uitdrukking.<br>3.1.3 Voltooi die infinitief.<br>3.1.4 Gee die korrekte antwoord.<br>3.1.5 Gee die korrekte vorm van die woord.<br>3.1.6 Gee die intensiewe vorm.<br>3.1.7 Lees die gedeelte uit die woordeboek en voltooi die sin.<br>**verskoon'baar,** b.nw. Wat verskoon kan word; vergeeflik; *'n Verskoonbare vergissing*.<br><br>**ver-skoon,** ww (-) 1. a. Verontskuldig, ekskuseer: *Iemand se slegte gedrag verskoon*.<br>2. Ontsien, spaar, vrylaat: *Die dood verskoon niemand nie*.<br><br>**Versko'ning,** (-e, -s; verskoninkie) Verontskuldiging; ekskuus: *Allerlei verskonings maak, aanbied vir sy foute.* | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |

Bestudeer die onderstaande prent noukeurig en voer dan die instruksies uit.




[Uit: *Afrikaans Sonder Grense* - Graad 10]

3.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf slegs die vraagnommer (3.2.1 - 3.2.2) en die antwoord neer.

3.2.1 Die ete wat in die môre geëet is, is (ontbyt/middagete). (1)

3.2.2 (Na/Agter) ete moet almal help om die tafel af te dek. (1)

3.3 Gee die korrekte vorm van die woord(e) tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.3.1 - 3.3.6) en die woord(e) neer.

3.3.1 Al die (kind) het goeie maniere wanneer hulle eet. (1)

3.3.2 Die Nguse-gesin sit aan die klein (tafel). (1)

3.3.3 Zipo eet sy kos (vinnig) as Zandile. (1)

3.3.4 Ma kan die (lekker) kos voorberei. (1)

3.3.5 Terwyl hulle eet, vertel Jaco (interessant) stories. (1)


3.3.6 Die Nguse-gesin hou van (tradisioneel) kos. (1)

3.4 Kies die woord uit KOLOM B om by die sinne in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - F) langs die vraagnommer (3.4.1 - 3.4.6) neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 3.4.1 | Goeie môre. Hoe gaan dit? | A | blydskap |
| 3.4.2 | Ja, vrouens is mos dom. | B | seerkry |
| 3.4.3 | Eina! Ek het 'n vreeslike maagpyn. | C | dankbaarheid |
| 3.4.4 | Hoera! Ma het my gunsteling poeding gebak. | D | oorredende taal |
| 3.4.5 | Nee dankie Ma, ek het genoeg ge-eet. | E | stereotipering |
| 3.4.6 | Koop nou en spaar baie geld! | F | groetvorm |

(6 ÷ 2) (3)

Bestudeer die volgende prent noukeurig en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.



[Uit: *Afrikaans Sonder Grense* - Graad 10]

3.5 Skryf die onderstaande sinne oor, maar begin soos aangedui.

3.5.1 Almal is bly om die troeteldierwinkel te besoek.
**Môre ...** (2)

3.5.2 Die kat lê op die boonste rak.
**Gister ...** (2)

3.5.3 Daar is verskillende troeteldiere in die winkel.
**In die winkel ...** (2)

3.5.4 Vusi sê: 'Die hasie is pragtig.'
**Vusi sê dat ...** (2)

3.5.5 Is die kat in die hok?
**Nee, ...** (2)

3.5.6 Die meisie koop die vis.
**Die vis ...** (2)

3.5.7 Die man wil die voël koop.
**Die man hou daarvan ...** (2)

3.5.8 Die seuntjie hou van die hasie. Hy wil dit koop.
**Die seuntjie hou van die hasie, daarom ...** (2)

3.6 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer (3.6.1 - 3.6.2) en die antwoord neer.

3.6.1 Die meisie (wat/wie) agter die toonbank staan, is vriendelik. (1)

3.6.2 Die meisietjie wil (sy/haar) eie troeteldier hê. (1)


3.7 Verander die onderstaande stellings na vrae.

3.7.1 Die trein vertrek om tienuur. (1)
Begin so: **Hoe ...?**

3.7.2 Vandag is dit die sestiende Junie 2006.
Begin so: **Wat ...?** (1)

3.8 Kyk na die onderstaande situasies en kies die korrekte aanspreekvorm tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.8.1 - 3.8.2) en die antwoord neer.

3.8.1 TWEE VRIENDE ONTMOET MEKAAR



[Uit: *Die Burger* - 15/06/2006]

SITUASIE: Jabu en Cindy is ou vriende wat mekaar weer na drie jaar ontmoet.
Jabu sê: 'Hi Cindy, hoe gaan dit met (jou/u)? (1)

3.8.2 DIE VISSERMAN WIL GRAAG SY VIS VERKOOP.




[Uit: *Die Burger* - 15/06/2006]

SITUASIE: Jojo wil graag sy vis verkoop, maar meneer Labu dink die vis is te duur.

Jojo sê vir meneer Labu: 'En nou meneer, hoeveel sal (jy/u) vir die vis wil betaal? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou